PERSVRYSTELLING
VIR ONMIDDELLIKE PUBLIKASIE

30 Augustus 2010

PSG KONSULT VERKRY DIAGONAL INSURANCE

PSG Konsult, die onafhanklike finansiële dienstemaatskappy, het pas die verkryging van die korttermyn-versekeringsmakelaars en -administrasie platform, Diagonal Insurance, aangekondig. Die transaksie is effektief vanaf 1 September 2010.

Diagonal Insurance is ’n goed gevestigde korttermyn-makelaarsfirma met die voormalige Springbok-rugbyspeler Ockie Oosthuizen en sy familie as aandeelhouers, wat nou die bedryf gaan verlaat om hul op eie belange toe te spits.

Diagonal Insurance bedryf vyf bemarkingskantore wat in Randburg, Pretoria, Durban, Secunda en in die Wes-Kaap gesetel is. Korttermynversekering en administrasiedienste word aan sowat 12 000 kliënte gebied, wat vir ’n premie-inkomste van R175 miljoen per jaar sorg.

Willem Theron, uitvoerende hoof van PSG Konsult, het gesê die transaksie sal uit eie fondse en lenings gefinansier word. Ná rente sal die verkryging op ’n jaargrondslag sowat 5% tot PSG Konsult se wesensverdienste en wesensverdienste per aandeel bydra. Die transaksie bring mee dat die korttermyn-premies wat deur PSG Konsult namens versekeraars ingevorder word tot R1,6 miljard per jaar sal toeneem.

“Terwyl die vyf bemarkingskantore van Diagonal Insurance net so by PSG Konsult se landwye netwerk ingeskakel sal word, word daar beplan om die maatskappy se administrasie dienste by PSG Konsult se administrasie platform, Topexec, te voeg. Die verkryging sal die aantal kantore onder die PSG Konsult-banier tot 219 laat toeneem.

“Die transaksie verstewig veral die PSG Konsult-voetspoor in KZN, terwyl die maatskappy se korttermyn-versekeringsbedrywighede met bykomende dienste soos finansiële beplanning, aandelemakelary, binne- en buitelandse beleggings en trusts aangevul word. Die kliënte van die vyf nuwe kantore verkry dus toegang tot ’n wye reeks van PSG Konsult-dienste,” het Theron gesê.

Oosthuizen het gesê Diagonal se inskakeling by PSG Konsult se kultuur behoort baie maklik te wees. “Ons het spesifiek na iemand gesoek om na ons kliënte om te sien soos Diagonal dit vir baie jare gedoen het. Dit het ons in PSG Konsult gevind.”

Einde

Uitgereik deur MediaVision namens PSG Konsult

Media navrae

Willem Theron
Tel: (028) 316 4735
Sel: 082 557 2132
E-pos: willem@psgkonsult.co.za

Gerhard Cloete
MediaVision
Sel: 083 300 6850
E-pos: gerhard@mediavision.co.za